



# ONS LEER BREI (Les 1)



Vermeerdering

**O**NS bied hiermee 'n tweede kursus breillesse wat vir baie jong beginners ook tot nut sal wees, omdat ons werklik begin by die begin deur 'n uiteensetting van selfs die mees fundamentele breiterme te gee.

Die lus wat om die naald vorm wanneer die wol met behulp van 'n tweede breinaald of die vingers op 'n bepaalde manier **opgestel** word, word 'n **steek** genoem.

Die eerste steek word op die breinaald gevorm deur 'n skuifknoop met die breigaring- of woldraad te maak en die lus wat so verkry word, word op die een breinaald geplaas. Die ander breinaald word dan in die voorkant van die lus gestee, die wol word om die naald geslaan en deurgetrek, maar nie van die regternaald afgeglip nie. Die steek wat so gevorm is, word oorgeplaas op die linkernaald by die eerste steek wat opgestel is. So word die verlangde aantal steke die een na die ander gevorm en dan kan met die breiwerk begin word.

'n Aantal steke saam op een naald, wat heen en weer van die een naald op die ander gebrei word, word 'n **ry** genoem.

Wanneer die rye volgens aanwysings heen en weer van die een breinaald op die ander gebrei word, word 'n bepaalde **patroon** verkry. So word patrone verkry wat genoem word reksteek, koussteek, mossteek ens.

'n **Lus** moet ook gedefinieer word, want daar is 'n besliste verskil tussen die voor- en agterkant van 'n lus tussen twee steke op wedersydse breinaalde. Wanneer in die voorkant van so 'n lus gebrei word, word een patroon gevorm terwyl heeltemal 'n ander



Hoeke, omranding, knoopsgate

patroon vorm aanneem indien in die agterkant van dieselfde lus gebrei word.

Nou kom ons by **ewe en onewe rye**. Die opstelry word nie getel nie. Die eerste ry wat gebrei word, is dan aan die regte kant van die werk en is 'n onewe ry. Die ewe rye val dus aan die agterkant, ofte wel aan die verkeerde kant van die werk.

Verder wil ons **maak een steek (m 1)** verduidelik. Die garing word eenvoudig om

die regternaald geslaan voor dié naald in die volgende steek op die linkernaald gestee word. So word ook 'n gaatjie gevorm waarvan die grootte daarvan afhang of die aanwysings aandui dat die gemaakte steek in die volgende ry gebrei moet word of van die naald afgeglip moet word. Dié metode om steke te maak, word gewoonlik in kantpatrone gebruik.

Nou volg 'n paar wenke in verband met die vorming en versiering van kledingstukke



Afheg met breinaalde



Afheg met hekepen



Afheg deur twee steke saam te brei.



## ONS LEER BREI

of ander breiwerk. Die eintlike werk word in 'n latere les uiteengesit.

### VERMEERDERING EN VERMINDERING

Dit is nie moeilik om steke te verminder (vermin) of vermeerder (vermeer) nie, maar dit is baie belangrik om dit netjies te doen. Die kledingstuk of wat ook al gebrei word, word so gevorm en die patroon wat deur die vermeerderings en verminderings ontwikkel moet so netjies wees dat dit sierlik is en nie die kledingstuk se voorkoms bederf nie.

Some moet ook versigtig gebrei word want hulle word dikwels as versiering gebruik en indien daar onnoukeurig te werk gegaan word, sal die soom oprol en allesbehalwe sierlik wees.

### HOEKE, OMRANDING EN KNOOPSGATE

Die hoeke, omranding en knoopsgate in breiwerk is almal daar vir 'n spesifieke doel, maar word ook as versiering gebruik. Dit is dus raadsaam om eers die brei daarvan goed te oefen voor dit as deel van 'n stuk breiwerk waarop die breier later trots kan wees, gebrei word.

### SAKKE

Baie ervare breiers laat sakke uit 'n kledingstuk weg omdat hulle dit een of twee keer probeer brei het en nie daarin geslaag het om dit reg te kry nie. Die brei van sakke is egter nie werklik so moeilik nie, maar weer

eens moet die fyner puntjies eers bemeester word om 'n netjiese resultaat te verkry.

### DIE VORMING VAN SKOUERS, MOUSGATE EN DIE HALS

Wanneer 'n kind begin brei, word daar altyd met die heel eerste stekies bedoel om 'n poprok of poptrui te brei maar dit word altyd op die ou end 'n kombers of 'n das of iets dergelyks wat geen vorming nodig het nie omdat dit bo so 'n breiertjie se vuurmaakplek is! Vir diegene wat kan lees en 'n patroon se aanwysings kan volg, behoort die vormings nie 'n probleem te wees nie.

### DIE AFWERKING VAN BREIWERK

Die afwerking wat die afheg van die steke en die uiteindelijke toewerk van die nate insluit, kan jou breiwerk maak of breek. Dit help nie om so mooi moontlik te brei en die pante dan slordig aanmekeer te werk nie, want dit sal die voorkoms van die kledingstuk heeltemal bederf. Wees dus baie versigtig met die toewerk van die nate en hoe jy die kledingstuk of artikel pars. Lees die papierband wat gewoonlik om 'n bol wol of breigaring is, en volg die aanwysings noukeurig.

### AFHEG VAN BREIWERK

Die gewone metode is om twee steke op die gewone manier te brei en dan die tweede steek oor die eerste te trek en van die naald te laat afgly. Brei dan weer een steek en trek die agterste steek oor die voorste en hou so aan tot een steek oorbly. Dié steek word dan afgeheg deur die breigaring- of woldraad af te breek en deur die lus wat die steek vorm

nadat dit van die naald afgehaal is, te steek en styf te trek sodat die lus teen die breiwerk vasgetrek word en so afgeheg word.


### AFHEG MET BEHULP VAN 'N HEKELPEN

Hierdie metode is soortgelyk aan die voormelde, behalwe dat die werk slegs met die hekelpen gedoen word en sonder gebruik van die breigaring- of woldraad. Die eerste twee steke op die linkerbreinaald word op die hekelpen gehaak en dan word die steek voor op die hekelpen met die hekelpen deur die agterste steek op die hekelpen gehaak sodat die agterste steek dan afgeheg is. Gaan so voort tot al die steke afgeheg is. Die breigaring- of woldraad wat aan die begin van die ry bly hang het, word nou weggewerk. Om 'n rekbare rand te verkry moet 'n dikker hekelpen as die naalde waarmee gebrei is, gebruik word vir die afhegting.


### AFHEG DEUR TWEE STEKE SAAM TE BREI

Met dié metode word 'n stewige afhegrand verkry en dit is veral geskik vir die afheg van reksteek. Twee steke word saam gebrei en die steek wat daaruit voortspruit op die regternaald word teruggeglip op die linker-naald en weer saam met volgende steek op die linkernaald gebrei. So word voortgebrei tot daar een steek oor is, wat dan afgeheg word soos vir die eerste afhegmetode uiteengesit is.

Daarmee is ons eerste les nou afgehandel. In die volgende breiles verduidelik ons hoe om 'n aantal steke in een ry aan die kant op te stel wanneer daar al 'n ent gebrei is en hoe om steke in die middel van breiwerk te vermeerder.



Jy sien sommer die verskil.



Die verskil is in al die besondere bestanddele: die ramaryn, die karamel en die ansjovis, asook die suiker, speserye, asyn en melasse wat die gawe geur van alle geregte te voorskyn bring. Hersy in die dis of op die tafel.

Skud 'n botteltjie Holbrooks. Jy sal sien dis die wye wêreld se welbehaaglikste Worcestershire-sous.

**'n Titsel maak 'n groot verskil... 'n titsel gee dit geur.**